LAERSKOOL ELIGWA

19 Januarie 2012

Geagte Ouers/Voogde

OMSENDBRIEF 1 VAN 2012

Na ‘n baie lang vakansie is dit my voorreg om een en elk terug te verwelkom. In besonder heet ons al die ouers wat vir die eerste keer met ons skool ‘n verbintenis het baie welkom. Mag u gou by ons ouergemeenskap inskakel en in al ons aktiwiteite deel. Mag die verbintenis met Laerskool Eligwa vir u tot seën wees en help ons om ‘n mooi beeld van ons skool uit te dra. Saam kan ons ’n verskil maak.

1. Personeel
   Graag heet ons Mev Jacoba de Kock (Graad R), Hoof by die Kleuterskool welkom by ons skool. Ons hoop en vertrou dat sy baie gelukkig gaan wees.

2. Inligtingsaand
   Ons nooi al die ouers, Graad 1 – 7, uit na ‘n Inligtingsaand op 24 Januarie 2012 om 18:30. Dit is belangrik dat u dit sal bywoon. Daar gaan gekyk word na belangrike sake.

3. Atletiek
   Ons gaan Maandag met atletiek-oefening begin. Die oefenprogram is soos volg:

	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag
Sportperiode	0/7 – 0/9 Junior naellope	0/7 – 0/9 Junior naellope	0/7 – 0/9 Junior naellope	0/7 – 0/9 Junior naellope
13:30 – 14:30	Naellope Gewigstoot	Hekkies Verspring Hoogspring	Naellope Gewigstoot	Hekkies Verspring Hoogspring
14:30 – 15:30	Middelafstande	Middelafstande	Middelafstande	Middelafstande

4. Skoolgeld vir 2012
   R200-00 boekgeld per leerling per jaar d.w.s. 2 leerlinge = R400-00, 3 leerlinge = R600-00. Indien daar vir u enige onduidelikheid is in verband met die skoolfonds kontak asseblief vir Mev Marx by Finansies.

   SIEN ‘N UITEENSETTING VAN DIE SKOOLGELD VIR 2012 AGTEROP BRIEF
   ‘n Skoolfondskaart tesame met ‘n rekeningstaat sal op 26 JANUARIE 2012 saam met die oudste/enigste leerling huis toe gestuur word. U moet asseblief die datum en bedrag wat u stuur op die kaart invul en daarby parafeer. Belangrik !!! Die skoolfondskaart moet elke maand asseblief teruggestuur word. Die leerling oorhandig die kaart aan die klasonderwyser wat dit kontroleer en na Mev Marx stuur om ‘n kwitansie uit te reik wat dan weer aan u terugbesorg word. Alternatiewe betaalmetodes is via die Internet of die skool se debietorderstelsel. Indien u van ‘n debietorder wil gebruik maak moet u die nodige vorm by Mev Marx kry. Indien u per Internet wil betaal moet u die bankbesonderhede asook die leerling se verwysing kry. Korting van 10% word toegestaan vir ouers wat die volle bedrag voor einde Maart 2012 vereffen.

   INDIEN U PROBLEME T.O.V. ONDERRIGGELD ONDERVIND MOET U ASSEBLIEF WAG VIR ‘N SKRYWE WAT DIE SKOOLFONDSKAART VERGESEL EN DAARVOLGENS HANDEL

   Kwitansies
   Nuwe Eligwa-ouers neem kennis dat die uitstaande skoolfondsbedrag op u kwitansie aangedui word, en indien u ook ‘n leerling in ‘n Graad R-klas het, sal die totale bedrag van albei leerlinge daarop verskyn.

   Voogskap
   Leerlinge wat in voogskap geplaas is, moet asseblief die kantoor van ‘n afskrif van die wettige hofbevel vir die betrokke jaar voorsien.

Gr R-onderriggeld
Die Skoolfondskaarte sal nog in hierdie week uitgestuur word omdat die Graad R-leerlinge se geld vooruitbetaalbaar is.

5. Webwerf
Besoek gerus ons webwerf by www.eligwa.co.za.

6. Afvalpapier
Die skool versamel nog steeds afvalpapier en indien u oor enige papier beskik, stuur dit asseblief skool toe vir ons projek.

7. Skooltye
Maandae tot Vrydae

Graad 1	07:25 – 12:30	Graad 2	07:25 – 12:30
Graad 3	07:25 – 13:00	Graad 4 – 7	07:25 – 13:30

8. Belangrike datums

19 Januarie 2012	Graad 1 Foto's
20 Januarie 2012	Huissport (08:00)
24 Januarie 2012	Inligtingsaand
27 Januarie 2012	Atletiek (Tuis)
10 Februarie 2012	Atletiek Driehoek Hoërskool (Verskeie skole)
13 Februarie 2012	Finansiële Komitee Vergadering : 18:00
20 Februarie 2012	Beheerliggaamvergadering : 18:00
29 Februarie 2012	Totius Netbal- en Rugby-aandreeks
12 Maart 2012	Assessering begin
26 Maart 2012	Individuele foto's
28 Maart 2012	Redenaarsaand (Graad 4 – 7)
30 Maart 2012	Skool Sluit om 12:00

9. Afhaal van leerlinge in die middae
Ons wil u graag versoek om van die klein hekkies by die Kiewietsnes Ouetehuis en in Lion Cachet Straat (naby tennisbane) gebruik te maak indien u u kind in die middae kom afhaal, en nie van die hekkie by die kantoor nie.
Die gebruik van die hek by die kantoor moet **NET** gebruik word indien u die kantoor wil besoek.

10. Busdiens
Ons het 'n busdiens wat die leerlinge in die oggende en middae kan vervoer. Die op- en aflaaiplekke is SLEGS by Pick 'n Pay/Swembad, die PPK-kerk, ou Historia en Vaalslaghuis. Indien u belangstel is u welkom om Mnr Boshoff te skakel, of u kind kan 'n vorm by die kantoor kry. Die koste beloop R150-00 per maand vir 11 maande (R1 650-00 per jaar). 'n Bussie ry ook in die middae om 15:00 om die leerlinge wat na skool aktiwiteite het, te vervoer.

Tema van die jaar ***Voetspore***

Trap nie in iemand anders se voetspore nie. Trap ons eie voetspore by Eligwa. Trap Eligwa se voetspore so diep dat niemand anders daarin kan trap nie!!

Eligwa groete

C J VORSTER
HOOF